- *TEKS: Hoogmoed*



*'n Padda op 'n buiteplaas*
*het hom mooi eenmaal opgeblaas,*
*hy sê hy wil, wat dit ook kos,*
*so groot wees soos die grootste os.*

*Hy blaas hom op, net soos 'n bol,*
*sy rug word krom, sy magie hol,*
*maar ag! jy hoor net tande knars,*
*want ons ou vriend het oopgebars.*

*Daar lê hy nes 'n droë beskuit*
*met al sy ingewande uit.*
*Dit is verdien, ons weer dit mos:*
*'n Padda word mos nooit 'n os!*

*Uit: Gediggies vir ons kleintjies - W.H. Boshoff (M.Rieck)*

